Ons ly in geloof en in hoop

Ds. PJ Kriel Begrafnis Zander Welthagen 16.12.2023

Inhoud Ons vereniging met Christus plaas ons in 'n spanningsvolle posisie waarin God ons volkome reg laat wees vir sy liefde maar ons liggame nog sterflik is weens die sonde. Hierdie besondere posisie in God se genade gee ons lydsaamheid in ons swaarkry en verlies en hoop op God om ons weer liggaamlik mense in sy nuwe skepping te laat wees.

Skriflesing Romeine 8: 18 – 30, 37 – 39.

Teks Romeine 8:

Tema Ons ly in geloof en in hoop

1. Ons ly in swaarkry in die geloof dat alles tussen ons en God reg is en in die hoop dat die Here in die toekoms ook ons liggame sal regmaak.

*We endure suffering in faith and hope. The faith that in Christ we are righteous and in the hope that Christ will also redeem our bodies.*

In hierdie Skrifgedeelte beskryf Paulus die spanning in ons vereniging met Jesus Christus. Dit is nie 'n spanning wat veroorsaak word deur ons sonde, ons halwe liefdes of deur iets buite ons verhouding met Jesus Christus nie. Dit is die spanning wat ons vereniging met Christus self en met ons skep.

Van hoofstuk 1 tot 8 in die brief Romeine het Paulus gewys hoe Christus alles wat tussen ons en god verkeerd is, reggemaak het. Só reggemaak het dat ons en ons liefde vir God reg is, ten spyte van ons sondes en die sondigheid van ons liefde.

In ons vereniging met Christus maak ons altyd hierdie ontdekking, ons deel in die lyding, kruisiging en dood van Christus en só weet ons is altyd alles reg met God.

Maar juis ook in hierdie vereniging met Christus ontdek ons ook wat van ons is nog nie reg vir God nie – ons liggame!

Ons liggame is nog nie deel van die opstanding van Jesus Christus as mens uit die dood nie. Christus se liggaam as mens is deur sy opstanding uit die dood 'n menslike liggaam wat onsterflik en onverganklik is. Paulus stel dit só in romeine 6: 10 "Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van ons sonde, eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God."

Christus se liggaam as mens is vandag onsterflik en onverganklik, maar nie ons liggame nie. Eers met sy wederkoms sal Hy ons in sy heerlikheid laat deel, die heerlikheid van 'n onsterflike liggaam wat nie weer kan vergaan nie. Volgens Rom. 8: 9 is ons só bestem om gelykvormig aan die beeld van Christus te word.

*We are predestined to be conformed to the image of the Son: holy and righteous with redeemed human bodies like the resurrected body of Christ.*

2. Dit wat Christus vir ons alles regmaak en reg laat wees met God, maar nou nog nie regmaak nie – ons liggame se sterflikheid en verganklikheid, is die spanning in

Ons ly in geloof en in hoop

Christus waar binne ons ly. 'n Spanning wat ons laat sug. Die woord "sug" word 3 keer in ons teksgedeelte gebruik

Dit is hierdie spanning wat ons mense maak wat in liggaamlike lyding deur siekte en dood in die geloof laat leef en in die hoop laat sug.

Ons leef elke dag in ons lyding met die vaste vertroue dat daar niks tussen ons en God verkeerd is nie. Christus laat als vir ons reg wees omdat Hy vir ons intree, maar ons sug ook elke dag in die vaste hoop in ons lyding deur siekte en dood. Ons sug in di hoop op ons toekoms met Christus. Die Here sal ons liggame ook reg maak, onsterflik en onverganklik]klik maak, net soos Hy ons sondes en liefde vir Hom volkome reg gemaak het.

Ons sug ook na die bevryding van ons liggame- om onsterflik en onverganklik te wees. (Rom. 8: 24) Verloste liggame wat die ewige lewe kan leef.

3. Hierdie geloof in en hoop op Christus laat ons volgens Paulus 2 waarhede oor God in ons liggaamlike lyding en siekte ontdek.

Die eerste is dat Christus self vir ons deur die Heilige Gees bid, intree in ons lyding omdat ons deur ons lyding in siekte en dood nie weet waarvoor en hoe om te bid nie.

Hierdie onkunde oor en onvermoë tot gebed gaan spesifiek oor gebed in lyding. Christene weet waarvoor en hoe om te bid want die Here het ons geleer hoe om in die geloof in Hom te bid. (Mat. 6: 5 – 14)

Liggaamlike lyding in siekte en dood bring in ons die verwarring oor waarvoor en hoe ons moet bid. "Moet ek bid om die lewe te behou of dat die dood vir my moet intree? Moet ek bid vir genesing of vir krag om siekte en dood te dra?"

In hierdie verwarring word ons vasgevang in die spanning dat weet ons alles tussen ons en God is reg, maar deurleef ek die sinloosheid van siekte en dood waarvan niks reg en goed is nie.

In hierdie verwarring gee die Here ons deur sy Gees die troos: ons hoef nie te bid of reg te bid i hierdie lyding nie want die Heilige Gees bid vir ons, tree vir ons in en hy weet wat ons nodig het en sal sorg vir wat ons nodig het.

Die tweede ontdekking in geloof en hoop in lyding is dat God alles ten goede laat meewerk. Ons mag nooit hierdie openbaring van wie god vir ons in ons lyding is ooit gelykstel aan die ligsinnigheid dat uit alles daar altyd iets goeds kom nie. Sinloosheid bring nie sinvolheid nie. Siekte en dood is en bly sinloos en niks daarvan kan ooit reg wees nie. Niks wat ons van die liefde in Christus kan, pas in die lyding van siekte en dood nie. God bewerk wat goed is deur sy liefde in krag in sinloosheid. Hy gee ons nooit oor aan die mag van die dood nie.

4. Zander het in hierdie geloof en hoop in Christus geleef en gesterf" Alles tussen my en God is reg". Dit is soos Paulus dit in Galasiërs 2: 20 verwoord: "Die lewe wat ek nou liggaamlik leef. Leef ek in di geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en homself vir my oorgegee het."

Zander het tot met die dag voor sy dood só voluit geleef – sonder paniek en desperaatheid, net met die wil om sy roeping en bestemming wat God hom as man en pa gegee het deur God uit te leef. Sy in laaste brief aan God was daar geen versoeke, wense, boetedoening, kontraksluiting of 'n geplet nie – net dank aan God vir die lewe wat God hom gegee het.

Zander het deur sy hele siekte en op sy sterfbed sy lyding aanvaar met die hoop op die heerlikheid wat Christus vir hom bestem het om altyd onskeidbaar in die liefde van God te wees vir ewig. Op sy sterfbed, wat Zander nooit as 'n sterfbed gesien het nie, maar as uitdaging om in sy stryd om te leef te volhard, het 'n persoon wat sy lyding gesien het, die vraag vir Zander gevra: "Hoekom jy?" Sy antwoord was: "Hoekom nie ek nie. Wil jy hê dit moet my vrou of kind gewees het?"

Dapper lydsaam vir sy gesin in die geleef: alles is reg tussen my en God!

Zander het homself nooit oorgegee aan die sinloosheid van sy siekte en dood nie – die sinloosheid soos die Prediker dit verwoord: "Alles is tevergeefs, alles gaan verdwyn en vergaan. Net gedagtes en herinneringe van die verlede wees" Hy het die betekenisvolheid van sy roeping en bestemming deur Christus geglo. Hy het dit op sy sterfbed in sy eie woord so gestel: " Ek weet my plek is daarbo." Hoop op sy finale verlossing – ook die finale verlossing van sy liggaam. In hierdie hoop het Zander homself oorgegee aan die lewe wat hy leef.

Twee dae voor sy dood het hy nog daarop aangedring om chemoterapie te kry. Nie paniekerig of desperaat nie, maar met die ingesteldheid ek moet alles doen wat ek kan. Gelowiges gee hulle self in lewe en dood oor aan God en die ewige lewe saam met God, nie aan die dood nie. Ons leef vir ewig in die onskeidbare liefde van God.

6. U as familie moes saam Zander deur sy siekte en dood so leef – binne die spanning dat alles met god reg is maar niks met Zander se liggaam reg is nie. Dit het ons saam gedra in geloof en hoop. Ons glo in die lewe wat ons onskeibaar in God se liefde leef en ons hoop op ons nuwe liggame wat ons van die sinloosheid van siekte en dood sal verlos.

Hierdie hoop op Christus is ons diepste protes in ons lyding in siekte en dood. Die protes dat niks van Zander se liggaamlike lyding pas en het gepas in sy lewe met god waarin alles reg gemaak was deur God nie. Dit is ons protes dat daar geen lessies te leer was in sy lyding nie. Sy lyding nie maar is soos dit is en gaan soos dit gaan nie. Dit is nou maar nie eenmaal soos die lewe is nie. Hierdie sinloosheid pas nie by die liefde met God waarin alles reg is nie. Ons protes teen sy lyding is die hoop dat God hom weer liggaamlik die besondere mens gaan laat wees wat Hy saam met God vir ons was.

In hierdie hoop deurbreek ons die sinloosheid van sy siekte en dood.

U as familie kan rus in die gawe van Jesus Christus aan ons – die Heilige Gees. Hy bid vir ons in en het vir ons en Zander gebid in die lyding sy lyding. Want hy en ons het nie geweet wat om te bid vir 'n jaar lank met skok op skok wat besig was om met sy liggaam te gebeur nie. Hy en ons was geskok, verdwaas, ontnugterd en verslae

van een siekte berig op die ander totdat die dood teenwoordig geword het. In hierdie lyding het ons nie geweet waarvoor en hoe om te bid nie en weet ons nou nog nie.

Ons troos is dat in ons verwarring binne die Here se onskeibare liefde  - Hy vir ons en Zander bid, instaan en vra en sorg vir wat ons nodig het wat ons nie meer van weet nie.

7. Die moeilikste maar sekerste ontdekking wat u as familie kan maak binne die spanning van alles is reg met God maar nog nie ons liggame nie, is dat God alles vir ons ten goede laat meewerk, vir ons en Zander. Want Hy het ons vir sy liefde bestem, geroep, voor reg gemaak en sal ons vir ewig in sy liefde verheerlik.

Ten goede meewerk mag ons nooit só sien en glo nie! Daar was iets goeds in Zander se siekte en dood! Op die ou einde sal sy siekte en dood tog vir ons goed uitdraai! Eintlik was sy siekte en dood maar op die ou einde die beste en dit was maar beter so gewees!

Dit is net menslike ligsinnigheid wat die sinloosheid van liggaamlike lyding as iets positiefs of iets waaruit iets positief kom wil voorhou.

Daar is geen sin in die lyding van siekte en dood nie. Daarom gaan Christus ook ons liggame verlos uit die dood uit. Die deurbraak is nie sin en iets positiefs nie maar net God. God bewerk vir ons die goedheid van sy liefde binne die sinloosheid van die dood.

Vir Zander bewerk die Here dat Zander van God ‘n onsterflike en onverganklike menslike liggaam sal ontvang en so maak God dat die besondere mens wie Zander was, deel is van die toekoms wat God vir hom en ons sal skep – ‘n lewe as mens met onsterflike en onverganklike liggame in God se nuwe skepping.

Vir Kerry en Graeme beteken dit dat hulle in die verlies wat hulle as man en seun vir altyd mee moet saamleef, sal God in hulle lyding vir hulle steeds goed wees en sy goedheid aan hulle bewys. Want hulle is ook bestem geroep, reggemaak en verheerlik vir en in God se onskeibare liefde.

Ons het saam met Zander en Kerry hulle seun Graeme ‘n maand gelde gedoop. Die boodskap met sy doop was dat Christus met sy verkeerde doop vir Grame alles reg maak. En sy doop sal ook in die lyding van sy pa wat afwesig is in sy lewe, hom god se goedheid laat ontdek en raaksien. Want dit sal deel van sy lewe wees. Dit is gewaarborg en verseël.

Vir u as ouers, suster en familie! Die dood van ‘n seun het u verwond en as ouers het dit ‘n blywende letsel op u lewe gemaak. In ons verwonding n letsels leef ons met hierdie sekuriteit, die Here wat nog steeds vir Zander goed is, sal in hierdie sinloosheid vir ons steeds goed wees.

Kom ons gaan leef in die geloof en hoop waarmee Zander geleef en waarin hy gesterf het, om voluit die lewe met God te leef, in die hoop hy sal ons liggame ook verlos van sterflikheid en verganklikheid  om vir ewig saam mens met God te wees.

Ons ly in geloof en in hoop